13.9 RAPPORT 9 – BESTUUR VAN DIE ADMINISTRATIEWE BURO AAN DIE LEDE VAN DIE ADMINISTRATIEWE BURO – OUDITKOMITEE – ADMINISTRATIEWE BURO VAN DIE GKSA, EMERITAATSVERSORGINGSTRUST EN DIE GKSA PREDIKANTE PENSIOENFONDS (Artt 225, 272)

13.9 REPORT 9 – MANAGEMENT OF THE ADMINISTRATIVE BUREAU TO THE MEMBERS OF THE ADMINISTRATIVE BUREAU – AUDIT COMMITTEE – ADMINISTRATIVE BUREAU OF THE GKSA, "EMERITAATSVERSORGINGSTRUST" AND THE GKSA MINISTERS' PENSION FUND (Arts 225, 272)

A. Ds CA Jansen stel die Rapport.
Rev CA Jansen tables the Report.

B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na die Finansiële Kommissie.
Decision: Report referred to the Financial Commission.

C. Dr EJ de Beer rapporteer namens die Finansiële Kommissie.
Dr EJ de Beer reports on behalf of the Financial Commission.

D. **Besluit:** Neem kennis van die hele Rapport.
Decision: Take note of the whole Report.

E. **RAPPORT / REPORT**

1. Finansiële State 30 Junie 2017 Die Ouditkomitee het die state in detail bespreek. Navrae is na wense beantwoord. Die Ouditkomitee beveel aan dat die Finansiële State goedgekeur word.	**1. Financial Statements 30 June 2017** The Audit committee discussed the statements in detail. Enquiries were satisfactorily answered. The Audit committee recommends that the Financial Statements be approved.
2. Debiteure Die tydskrifte- en boekedebiteure is deur die Finansiële bestuurder beoordeel en 'n beraming van moontlike oninbare debiteure is gemaak aan die hand van die volgende kriteria: (a) debiteure rekeninge ouer as 1 jaar, en (b) debiteure rekeninge met geen beweging die afgelope jaar. Voorsiening vir moontlik oninbare debiteure is voldoene. Die Ouditkomitee stem saam met die beleid.	**2. Debtors** The magazine and book debtors were evaluated by the Financial manager and an estimate of possible uncollectable debtors were drawn up, according to the following criteria: (a) debtors' accounts older than 1 year and (b) debtors' accounts with no movement the past few years. Provision for possible uncollectable debtors is adequate. The Audit committee agrees with the policy.
3. Voorraad Boekevoorraad ouer as een jaar sal vanaf 2018 teen RNul waardeer word. Die Ouditkomitee stem saam met die beleid.	**3. Stock** Book stock older than 1 year will be appraised at RNil as of 2018. The Audit committee agrees to the policy.
4. Openbaring van bates en laste Die navrae van die Ouditkomitee is bevredigend beantwoord.	**4. Disclosure of assets and liabilities** The Audit committee's enquiries were satisfactorily answered.

5. Lopende saak Die Bestuur lewer verslag oor die solvabiliteit, likiditeit en bateverhouding. Die Bestuur is tevrede dat die Administratiewe Buro as lopende saak kan funksioneer. Die Ouditkomitee beveel aan dat die verslag aanvaar word.	**5. Going concern** Management reported on the solvency, liquidity and asset ratio. Management is satisfied that the Administrative Bureau can function as going concern. The Audit committee recommends the Report be accepted.
6. Interne Oudit Die Administratiewe Buro het nie interne ouditeure nie.	**6. Internal audit** The Administrative Bureau does not have internal auditors.
7. Ouditkomitee kontrole Die Ouditkomitee het die onderstaande aspekte geëvalueer.	**7. Audit committee supervision** The Audit committee evaluated the following aspects
7.1 *Interne kontrole* Skeiding van pligte is nie volledig moontlik nie agv die klein personeel van die Administratiewe Buro. Die ouditeure bevestig dat hulle tevrede is dat met die bestuur van sake met inagneming van die beperkte hoeveelheid personeel. Bestuur rapporteer dat daar toegangskontrole oor IT-stelsels is, dat 'n rugsteunstelsel in plek is en dat 'n rampherstelplan opgestel is. Die Bestuur het verslag gelewer omtrent die kontrole oor banktoegang. Die Ouditkomitee beveel aan dat deurlopend aandag aan interne kontrole gegee word.	7.1 *Internal supervision* The division of duties is not quite possible given the limited number of staff at the Administrative Bureau. The auditors confirmed their satisfaction with the management of business affairs, taking into account the limited number of staff. Management indicated that access control is in place for the IT systems, a back-up system has been established and a recovery plan has been set up. Management reported on bank access. The Audit committee recommends continuous attention to internal supervision.
7.2 *Finansiële verslagdoening* Die Ouditkomitee het die wyse van verslagdoening en die toepaslikheid daarvan beoordeel. Die toepaslikheid van rekenkundige beleid en beginsels is geëvalueer. Die Ouditkomitee stem saam met die Bestuur.	7.2 *Financial reporting* The Audit committee evaluated the manner of reporting and its appropriateness. The appropriateness of accounting policy and principles was evaluated. The Audit committee agrees with Management.
7.3 *Ouditeure* Die Ouditkomitee het die fooie, aanstellingsvoorwaardes en onafhanklikheid van die eksterne ouditeure beoordeel. Die Ouditkomitee het die mening van die eksterne ouditeure met die bekwaamheid van die Administratiewe Buro se personeel bekom. Die eksterne ouditeure het gerapporteer dat daar geen onopgeloste ouditverskille was nie. Die Ouditkomitee beveel aan dat die eksterne ouditeure weer aangestel	7.3 *Auditors* The Audit committee evaluated the fees, appointment conditions and the independence of the external auditors. The Audit committee obtained the opinion of the external auditors on the proficiency of the staff at the Administrative Bureau. The external auditors reported no unresolved audit variances. The Audit committee recommends that the external auditors be reappointed.

word. 7.4 *Voldoening* Die Ouditkomitee het navraag gedoen met die betrekking tot die nakoming van statutêre vereistes. Die Ouditkomitee beveel aan dat die Bestuur voldoening moet bespreek om te verseker dat aan alle vereistes voldoen word.	7.4 *Compliance* The Audit committee enquired after the compliance with statutory requirements. The Audit committee recommends that Management discusses compliance to ensure all requirements are met.

F. **RAPPORT VAN DIE FINANSIËLE KOMMISSIE/ REPORT OF THE FINANCIAL COMMISSION**

1. Sake waarvan Sinode kennis neem Die Kommissie het met dank kennis geneem van die besondere werk wat die Ouditkomitee ten opsigte van die verskillende fondse gedoen het, asook die stand van die verskillende fondse. Die Ouditkomitee doen verslag aan die Bestuur van die Administratiewe Buro, en alle aanbevelings wat hier gedoen word, is aanbevelings wat aan die Bestuur gemaak is. Die Sinode kan dus net kennis neem van hierdie Rapport. **Besluit: Kennis geneem.** **2. Sake waaroor die Sinode besluit** Neem kennis van totale Rapport. **Besluit: Goedgekeur.**	**1. Matters that the Synod take note of** The Commission thankfully noted the exeptional work of the Audit committee with regard to the different funds, as well as the condition of the different funds. The Audit Committee reports to the Management of the Administrative Bureau, and the recommendations made here, are recommendations made to only the Management. The Synod can therefore, only take note of this Report. **Decision: Noted.** **2. Matters that the Synod decide on** Take note of the whole Report. **Decision: Approved.**